



OPTREDE TEEN OORTREDERS

(Soos gewysig op 29 Maart 2007)

INHOUDSOPGAWE

1	Woordomskrywings	3
2	Omskrywing van oortredings	3
2.1	Oortredings wat reggestel kan word	3
2.1.1	Kwekery Inspeksies	
2.1.2	Monitering van Kern-, Grondves- en Moedereenhede	
2.1.3	Administratiewe afwykings	
2.2	Oortredings wat nie reggestel kan word nie	4
2.2.1	Opvolg monitering van kwekery inspeksies	
2.2.2	Opvolg monitering van kern-, grondves- en moedereenhede	
2.2.3	Opvolg van administratiewe regstellings	
2.2.4	Ouditering	
2.2.5	Klagtes	
3.	Prosedure in geval van oortredings wat reggestel kan word	4
3.1	Kwekery Inspeksies	4
3.2	Monitering van Kern-, Grondves- en Moedereenhede	5
3.3	Administratiewe afwykings	5
4.	Prosedure in geval van oortredings wat nie reggestel kan word nie	5
4.1	Opvolg van kwekeryinspeksies	5
4.2	Opvolg van Kern-, Grondves- en Moedereenhede Inspeksies	6
4.3	Opvolg van administratiewe regstellings	7

4.4	Ouditering	7
4.5	Klagtes	8
5.	Lokaliteit van Raad	8

1. WOORDOMSKRYWINGS

- 1.1 Eenheid: 'n Oppervlakte grond wat ingevolge artikel 6 van hierdie Skema geregistreer is.
- 1.2 Inspekteur: Persoon wat skriftelik deur die Raad gemagtig is om enige voorskrif van die Skema af te dwing en aan wie die ondersoek bevoegdheid ingevolge Artikel 41 (1) van die Plantverbeteringswet verleen is.
- 1.3 Monitering: Die deurlopende waarnemings en voorstel tot regstellings waar nodig tydens die uitvoering van 'n inspeksie.
- 1.4 Oortreding: Enige afwyking van die Skema of SBP vereiste word as 'n oortreding geag.
- 1.5 Oudit/Ouditering: Die eenmalige en finale nagaan en uitwys van afwykings aan gesag na meting teen vooraf gedokumenteerde standarde en versoek vir optrede deur gesag as gevolg van sodanige afwykings.
- 1.6 Ouditeur: Persoon deur die Raad versoek om ouditering van laboratoriums, kern-, grondves-, moeder- en kwekery-eenhede te onderneem.
- 1.7 Raad: Uitvoerende Raad van WVV.
- 1.8 Sekretariaat: Sekretariaat van WVV.

2. OMSKRYWING VAN OORTREDINGS

2.1 Oortredings wat reggestel kan word

2.1.1 Kwekery inspeksies

Enige afwyking wat tydens die kwekeryinspeksies gevind word en deur die inspekteurs op die kwekery inspeksieverslag aangeteken word.

2.1.2 Monitering van Kern-, Grondves- en Moedereenhede

Enige afwyking wat tydens die monitering van eenhede gevind word en deur die inspekteurs in die moniteringsverslag aangeteken word.

2.1.3 Administratiewe afwykings

Enige afwyking wat tydens die verwerking en kontrolering van die administratiewe inligting deur die Sekretariaat uitgewys word.

2.2 Oortredings wat nie reggestel kan word nie

2.2.1 Opvolg monitering van kwekery inspeksies

Enige afwyking wat tydens die opvolg monitering van kwekery gevind word en deur die Inspekteur op die kwekery moniteringsverslag aangeteken word.

2.2.2 Opvolg monitering van kern, grondves en moedereenhede

Enige afwyking wat tydens die opvolg monitering van eenhede gevind word en deur die Inspekteur op die moniteringsverslag aangeteken word.

2.2.3 Opvolg van administratiewe regstellings

Enige afwyking van die administratiewe inligting soos voorgelê deur 'n PVO of Kwekery wat nie voldoende by die Sekretariaat reggestel is nie.

2.2.4 Ouditering

Enige afwyking wat tydens die audit van laboratoriums, Kern-, Grondves- Moeder- en kwekery eenhede gevind word en deur die Ouditeur in die auditverslag vermeld word.

2.2.5 Klagtes

Enige afwyking gevind tydens 'n ondersoek na 'n skriftelike klagte wat die Raad ontvang het oor Plantmateriaal van 'n PVO of kwekery.

3. **PROSEDURE IN GEVAL VAN OORTREDINGS WAT REGGESTEL KAN WORD**

3.1 Kwekery Inspeksies

3.1.1. Inspekteur voer inspeksie van kwekery uit.

3.1.2. Inspekteur stel inspeksieverslag saam en wys afwykings duidelik uit.

3.1.3. Inspekteur verskaf inspeksieverslag aan kwekery en trek sertifisering van die ent-kombinasies waar daar afwykings gevind is voorlopig in.

3.1.4. Inspekteur gee kwekerye die geleentheid om regstellende handeling binne 14 dae na datum van inspeksieverslag toe te pas.

3.1.5. Inspekteurs doen opvolg inspeksie na 14 dae.

3.2 Monitering van Kern-, Grondves- en Moedereenhede

- 3.2.1. Inspekteur doen monitering van die Kern-, Grondves-, en Moedereenhede van die PVO.
- 3.2.2. Inspekteur stel moniteringsverslag op en wys afwykings in die eenhede duidelik uit.
- 3.2.3. Inspekteur verskaf moniteringsverslag aan die betrokke PVO en Sekretariaat.
- 3.2.4. Sekretariaat trek registrasie van die eenhede waar afwykings voorgekom het voorlopig in.
- 3.2.5. Sekretariaat gee PVO die geleentheid om regstellende handeling binne 14 dae in eenhede toe te pas.
- 3.2.6. Inspekteurs doen opvolg monitering van eenhede na 14 dae.

3.3 Administratiewe afwykings

- 3.3.1. Sekretariaat verwerk en kontroleer inligting soos ontvang vanaf PVO's en kwekers.
- 3.3.2. Sekretariaat wys afwykings in inligting aan PVO's en kwekers uit en trek sertifisering van die betrokke ent-kombinasies voorlopig in.
- 3.3.3. Sekretariaat gee PVO's en kwekers die geleentheid om binne 14 dae regstellende handeling toe te pas en weer inligting aan Sekretariaat voor te lê.

4. **PROSEDURE IN GEVAL VAN OORTREDINGS WAT NIE REGGESTEL KAN WORD NIE**

4.1 Opvolg kwekery inspeksies

- 4.1.1. Inspekteur doen opvolg kwekery inspeksie na 14 dae.
- 4.1.2. Inspekteur stel inspeksieverslag saam en wys afwykings duidelik uit. Indien die regstellende handeling nie voldoende toegepas is nie, word die betrokke ent-kombinasie finaal afgekeur.
- 4.1.3. Inspekteur verskaf inspeksieverslag aan kwekery en die Sekretariaat.
- 4.1.4. Sekretariaat stel kweker skriftelik in kennis dat sertifisering van die betrokke ent-kombinasie finaal ingetrek is.

- 4.1.5. Intrekking van sertifisering word deur die Sekretariaat vir kennisname aan Raad sowel as die Departement van Landbou (NDL) voorgelê en aan die betrokke PVO gerapporteer.
 - 4.1.6. NDL verbied kwekery om plantmateriaal waarvan die sertifisering finaal ingetrek is, te verkoop, indien dit nie aan die minimum vereistes van die Plantverbeteringswet voldoen nie.
 - 4.1.7. Na 'n tweede intrekking van sertifisering weens enige oortreding by 'n kwekery rapporteer die Sekretariaat die kwekery aan die Raad en reik 'n finale skriftelike waarskuwing aan kwekery uit.
 - 4.1.8. Na 'n derde intrekking van sertifisering, weens enige oortreding weier die Raad die verdere registrasie van 'n kwekery.
 - 4.1.9. Hernuwing van registrasie van die betrokke kwekery sal slegs heroorweeg word nadat die kwekery voldoende bewyse aan die Raad voorgelê het dat genoegsame regstellings aangebring is om te voorkom dat dieselfde oortredings weer sal voorkom.
 - 4.1.10. Onus berus by die kweker om by die Raad heraansoek vir registrasie te doen.
- 4.2 Opvolg monitering van Kern-, Grondves en Moedereenhede
- 4.2.1. Inspekteur doen opvolg monitering van PVO se eenhede na 14 dae.
 - 4.2.2. Inspekteur stel moniteringsverslag saam en wys afwykings in eenhede duidelik uit.
 - 4.2.3. Inspekteur verskaf moniteringsverslag aan PVO en Sekretariaat.
 - 4.2.4. Sekretariaat trek registrasie van die eenheid finaal in, indien die regstellende handeling nie voldoende toegepas is nie.
 - 4.2.5. Intrekking van registrasie word deur Sekretariaat vir kennisname aan die Raad voorgelê en by die NDL gerapporteer.
 - 4.2.6. NDL verbied PVO om plantmateriaal van die betrokke eenhede waarvan die registrasie finaal ingetrek is, te verkoop, indien dit nie aan die minimum vereistes van die Plantverbeteringswet voldoen nie.
 - 4.2.7. Na 'n tweede intrekking van sertifisering weens enige oortreding by 'n PVO rapporteer die Sekretariaat die PVO aan die Raad en reik 'n finale skriftelike waarskuwing aan die PVO uit.
 - 4.2.8. Na 'n derde intrekking van sertifisering, weens enige oortreding weier die Raad die verdere registrasie van 'n PVO.

- 4.2.9. Hernuwing van registrasie van die betrokke ent-kombinasie in 'n PVO se eenhede sal slegs heroorweeg word nadat die PVO voldoende bewyse aan die Raad voorgelê het dat genoegsame regstellings aangebring is om te voorkom dat dieselfde oortredings weer sal voorkom.
- 4.2.10. Onus berus by die PVO om by die Raad heraansoek vir registrasie te doen.

4.3 Opvolg van administratiewe regstellings

- 4.3.1. Sekretariaat verwerk en kontroleer nuwe inligting na 14 dae.
- 4.3.2. Indien die regstellende handeling nie binne 14 dae voldoende aangebring is nie word die sertifisering van die betrokke ent-kombinasie finaal ingetrek.
- 4.3.3. Intrekking van sertifisering van die betrokke ent-kombinasie word deur Sekretariaat vir kennisname aan die Raad voorgelê en by die NDL gerapporteer.
- 4.3.4. NDL verbied PVO of kwekery om plantmateriaal waarvan die sertifisering finaal ingetrek is, te verkoop, indien dit nie voldoen aan die minimum vereistes van die Plantverbeteringswet nie.
- 4.3.5. Na 'n tweede intrekking van sertifisering weens enige oortreding by 'n PVO of kwekery, rapporteer die Sekretariaat die PVO of kwekery aan die Raad en reik 'n finale skriftelike waarskuwing aan PVO of kwekery uit.
- 4.3.6. Na 'n derde intrekking van sertifisering weens enige oortreding, weier die Raad die verdere registrasie van die betrokke eenheid van 'n PVO of kwekery.
- 4.3.7. Hernuwing van registrasie van 'n PVO of kwekery sal slegs heroorweeg word nadat die PVO of kwekery voldoende bewyse aan die Raad voorgelê het dat genoegsame regstellings aangebring is om te voorkom dat dieselfde oortredings weer sal voorkom.
- 4.3.8. Onus berus by die PVO of kwekery om by die Raad heraansoek vir registrasie te doen.

4.4 Ouditering

- 4.4.1. Ouditeure doen op vasgestelde of ooreengekomde tye ouditering van laboratoriums, Kern-, Grondves-, Moeder- en kwekery eenhede.

- 4.4.2. Bevindinge van die Ouditeure word in 'n volledige auditverslag aan die Sekretariaat voorgelê.
- 4.4.3. Indien enige afwyking in die auditverslag voorkom moet die Raad op eie diskresie die registrasie van die laboratorium, die PVO eenhede of die kwekery intrek.
- 4.4.4. Heroorweging vir die herstel van die registrasie sal slegs oorweeg word nadat voldoende bewyse aan die Raad deur die laboratorium, PVO of kwekery voorgelê is en die Raad oortuig is dat genoegsame regstellings aangebring is om te voorkom dat dieselfde oortredings weer sal voorkom.

4.5 Klagtes

- 4.5.1. Skriftelike klagtes oor Plantmateriaal van 'n produsent of kwekery word aan die Raad gerig.
- 4.5.2. Klagtes word hanteer soos in **WVV G-2-1** beskryf.

5. LOKALITEIT VAN RAAD

Voorsitter - WV
Plant SA
Eenheid 9A Riverside Industrial Park
Textilestraat 25
PAARL
7646